Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 35 – OKTOBER 2019

Geagte ouers

PERSONEEL
Baie geluk aan Me. Nietscké Grobler wat op 18 Oktober verjaar en Me. Trisia de Villiers wat Maandag 21 Oktober verjaar. Me. A. Hayes ondergaan 'n operasie op 15 Oktober en ons wens haar sterkte toe met die herstelproses.

DATUMS VIR KWARTAAL 4 VAN 2019:

15 Oktober	O/12A in die Semi Finaal weg teen Midstream Ridge 18:30: Bio-Link praatjie vir Gr 3 ouers Gholf liga by Akasia gholfbaan
17 Oktober	18:30: Koor se Kerskonsert (Vind plaas by Gereformeerde Kerk, Annlin, Bus vertrek om 17:00 Atletiekbyeenkoms by Waterkloof O/11A speel tuis teen die wenner van Elarduspark en Bakenkop
19 Oktober	7's Rugby toernooi @ Midstream College
21 Oktober	Saal: Leieraankondiging Gholf liga by Akasia gholfbaan Krieket: Finale tot 25 Oktober ALGEMENE JAARVERGADERING 2
22 Oktober	**Eksamen: Afrikaans vraestel 2A** **Atletiekbyeenkoms by Menlopark**
23 Oktober	**Eksamen: Engels vraestel 2A**
24 Oktober	**Eksamen: Afrikaans vraestel 2B** Gholfuitspele Atletiek: Inni-Noord by Danie Malan
25 Oktober	**Eksamen: Engels vraestel 2B**
28 Oktober	Aankondig: Logistieke- en Mediaraad 18:00: Meriete Gr 1 19:15: Meriete Gr 2 Gholf finaal
29 Oktober	18:30: Meriete Gr 3
30 Oktober	18:30: Meriete Gr 4
31 Oktober	Sun City oorslaap Top 10 Akademiese presteerders vir 2019 (Gr 4 – 7)
01 November	Sun City – Top 10 Akademiese leerders vir 2019 by Sun City Rugby: 0/11 + 0/12 - 7's toer by Warthog Inn
04 November	18:30: Meriete Gr 5 Toestemmingsbriewe om 12:00 te verdaag in eksamen (tot 8 Nov)
05 November	18:30: Meriete Gr 6 Gr 7 uitstappie
06 November	18:30: Meriete Gr 7
07 November	18:30: Leierinhuldiging
08 November	08:00: Kerkdiens Gr 7 in saal met Lindie Strydom Laaste dag vir toestemmingsbriewe om 12:00 te verdaag
11 November	**Eksamen: Wiskunde vraestel (Gr 4 – 7)**
12 November	**Eksamen: Afrikaans vraestel 3 (Gr 4 – 7)**
13 November	**Eksamen: Engels vraestel 3 (Gr 4 – 7)**
14 November	**Eksamen: NW / Teg (Gr 4 – 6)** **Eksamen: NW Gr 7**

	18:30: Gr R Gradeplegtigheid
15 November	**Eksamen: Geografie (Gr 4 – 7)**
18 November	**Eksamen: Tegnologie (Gr 7)** GF: Oueraand Gr 1 – 3 op uitnodiging
19 November	**Eksamen: Geskiedenis (Gr 4 – 7)**
20 November	**Eksamen: Skeppende Kuns Gr 7**
21 November	**Eksamen: EBW Gr 7**
22 November	**Laaste amptelike skooldag** **Eksamen: PSW / LV (Gr 4 – 7) (Gr 5 PSW Distrik Vraestel)**
27 November	Leierskamp
28 November	Leierskamp
29 November	Leierskamp
04 Desember	07:00 – 09:00 Rapporte en gedragsbriewe uit INDIEN ALLE HANDBOEKE INGEHANDIG IS Agterstallige rekenings se rapporte word afgehaal in kantoor by BL om reëlings te tref

ADDISIONELE PARKERING

Die skoolbestuur en beheerliggaam het 'n tydelike oplossing vir parkering beding, veral vir die oggend verkeer. Ons gaan vir 'n tydperk die parkeerarea langs Midas huur tot verdere kennisgewing. Let wel, die parkering is slegs vir ouers wat fisies wil parkeer en saam met hulle kinders wil stap oor die voetoorgang in die skool terrein in tot by pawiljoene. Ons versoek vriendelik dat ouers wat net kinders wil aflaai, die spasie voor die skool sal benut daarvoor. Met ander woorde "drop & go". Sodra ouers fisies parkeer en uitklim, hoop die verkeer op. Dus as ouers die parkering benut kan ons moontlik die verkeer voor die skool beter hanteer. Let asseblief op na die tekens by die parkering wat alles mooi sal aandui en gehoorsaam asseblief die puntdiensbeamptes, padreëls en mede padgebruikers. Daar is ongelukkig ouers wat tans dubbel parkeer in Jan van Riebeeckstraat. Metro het aangedui dat hulle boetes gaan gee. Vermy asseblief om daar dubbel te parkeer en benut die parkeer area. Ons kinders se veiligheid kom eerste.

ALGEMENE JAARVERGADERING

Neem asseblief kennis dat die Algemene Jaarvergadering van die Beheerliggaam sal plaasvind op Maandag 21 Oktober 2019 om 18:30 in die skoolsaal. Die eerste vergadering op 14 Oktober het nie plaasgevind nie aangesien daar nie 'n kworum ouers teenwoordig was nie. Alle ouers word genooi om die vergadering by te woon. Tydens die vergadering sal die begroting vir 2020 bespreek en goedgekeur word. Die begroting is by die kantoor ter insae. Maak 'n afspraak by die kassiere indien u dit wil besigtig. Die goedgekeurde jaarstaat van 2018 sal ook by hoof beskikbaar wees.

EKSAMEN

NB! Vraestelle van 22 Oktober tot 25 Oktober vir Gr 4 – 7 word van 7:30 tot 8:30 geskryf – neem asseblief die verkeer in ag.

Neem asseblief kennis dat die eksamen op **11 November 2019** begin. Die eksamen is in sessies verdeel.

1) **Sessie een** is vir leer.
2) **Sessie twee** van 09:00 – 10:30 tyd waarin vraestelle afgelê word.
3) **Sessie drie** – leerders leer vir volgende dag se vraestel.
4) **HULLE MOET DUS LEERSTOF BRING VIR DIE VOLGENDE VRAESTEL**. Die leerders verdaag om 12:00.
5) Indien 'n leerder afwesig is tydens 'n vraestel word 'n **MEDIESE BRIEF** vereis – dit is Departementele beleid. **Geen** leerder sal voor 12:00 uitgeteken word behalwe as ouer / voog 'n bewys kan lewer van 'n doktersafspraak of begrafnis.
6) **Handboeke** en **formele assesserings** word op die dag waarop die vraestel geskryf word ook ingeneem. **Verlore** handboeke of beskadigde handboeke moet vervang word teen R200.00 per handboek. Geen leerder ontvang 'n **rapport** op 4 Desember as 'n handboek of formele assessering uitstaande is nie – dit is Departementele beleid.
7) **Belangrik:**
   GRAAD 4 – 6: EKSAMEN TEL 25% VAN JAARPUNT EN KWARTAAL 1 – 4 SE ASSESSERINGS TEL 75%.
   GRAAD 7: EKSAMEN TEL 60% VAN JAARPUNT EN KWARTAAL 1 – 4 SE ASSESSERINGS TEL 40%. LEWENSORIËNTERING EKSAMENPUNT TEL EGTER 70 % EN KWARTAAL 1 – 4 SE ASSESSERINGS TEL 30%.
8) **Hulpverlening** – Onderwysers sal ook die dag voor afleggings beskikbaar wees vir hulpverlenig en hersiening, vanaf 12:00 – 14:00.
9) **Swak gedrag** – Indien 'n leerder hom / haar swak gedra in die eksamenlokaal sal u as ouer gekontak word en u kind sal dan tot 14:00 strafklas sit.
10) **Oneerlikheid** – Indien 'n kind enige vorm van oneerlikheid tydens die aflegging van die Eksamen openbaar sal hy/sy summier 'n nul ontvang.

RUGBY RAAI

Leerders het reeds Rugby raai vorms ontvang. Ondersteun asseblief u kind deur te help met lootjie verkope. Dit is vir Sondag 20 Oktober se kwarteind finaal tussen die Bokke en Japan. Die volgende pryse kan gewen word:

R1 000.00: Korrekte telling. Indien daar meer as een korrekte telling is sal die wenner met 'n lootjie bepaal word.
R500.00: Leerder met die meeste verkope
R300.00: Alle leerders wat 'n voltooide vorm terugbring se name word in 'n boks gegooi en staan 'n kans om R300.00 deur 'n gelukkige trekking te wen.

DISTRIK – KUNSKOMPETISIE

Die volgende twee kinders het aan die Distrik se kunskompetisie deelgeneem en baie goed presteer:
Chrishelle Nieuwoudt Graad 6F3 – Algehele wenner
Divan du Preez Graad 5E6 – Ontvang 'n Medalje
Albei se kunswerke dring deur na die Provinsiale Kunskompetisie toe.
Baie geluk julle!

OUD LEERDER PRESTEER

Baie geluk aan Jorim Bague Bangue Elombo wie gekies is as leier vir 2020 by Pretoria Seuns Hoër. Ons is baie trots op hom!

TOP 10 LEERDERS

Baie geluk aan die volgende leerders wat die Top 10 Akademiese presteerders in hul onderskeie grade is volgens die eksamenpunte van kwartaal 3 in 2019.

GRAAD 4 **GRAAD 5**

1	Mia Rynners	92.98	1	Leila van Rensburg	91.92
2	Estiaan van den Heever	92.03	2	Monré Koekemoer	91.91
3	Jayden Vermaak	91.33	3	Leandri Botha	91.68
4	Leila Jacobs	91.07	4	Marx du Plessis	90.90
5	Arustha van Eck	90.93	5	Rohan Louw	90.78
6	Michael de Villiers	90.81	6	Logan Labuschagne	90.27
7	Duncan Nelson	89.23	7	Dillon Uys	89.94
8	Jayden Neethling	89.03	8	Liané Schutte	89.54
9	Barco Lombard	88.45	9	Lara Farrell	88.03
10	Vanrique Hanneman	88.19	10	Anneke Le Roux	87.76

GRAAD 6 **GRAAD 7**

1	Danique Viljoen	94.26	1	Juané Pretorius	93.46
2	Beate Haarhoff	92.68	2	Bea-Mae Lombard	91.75
3	Altje Conradie	92.01	3	Nika van der Westhuizen	85.82
4	Crishelle Nieuwoudt	91.52	4	Oageng Makgatho	85.63
5	Emily-Anne Pienaar	91.35	5	Meghan Daneel	85.55
6	Petreen Mathibela	90.43	6	André Haarhoff	84.55
7	Alexis Mollentze	89.94	7	René van Emmenes	84.17
8	Wian van der Merwe	89.85	8	Kyra Jenner	84.13
9	Mia Botha	89.11	9	Lienka Groenewald	83.48
10	Anika Bezuidenhout	88.68	10	Feané Reis	83.13

Baie geluk julle!

SUN CITY – TOP 10 AKADEMIESE LEERDERS VIR 2019 BY SUN CITY

Baie geluk aan die volgende leerders wat die Top 10 vir 2019 behaal het en dus Sun City toe sal gaan op 31 Oktober.

Graad 4

- Arustha van Eck
- Barco Lombard
- Duncan Nelson
- Estiaan van den Heever
- Jayden Neethling
- Jayden Vermaak
- Leila Jacobs
- Lineze Trollip
- Mia Rynners
- Michael de Villiers

Graad 5

- Cheyenne Pieterse
- Dillon Uys
- Leandri Botha
- Leila van Rensburg
- Liané Schutte
- Logan Labuschagne
- Marx du Plessis
- Monré Koekemoer
- Rohan Louw
- Ruvan Faure

Graad 6

- Alexis Mollentze
- Altje Conradie
- Beate Haarhoff
- Crishelle Nieuwoudt
- Danique Viljoen
- Davie-Jay Pieterse
- Emily-Anne Pienaar
- Mia Botha
- Petreen Mathibela
- Wian van der Merwe

Graad 7

- André Haarhoff
- Bea-Mae Lombard
- Deuné Bosch
- Juané Pretorius
- Kyra Jenner
- Lienka Groenewald
- Meghan Daneel
- Nika van der Westhuizen
- Oageng Makgatho
- René van Emmenes

Hierdie leerders verdien dit en ons hoop hul gaan dit sommer baie geniet!

JUKSKEI

Baie geluk aan Wendy Hattingh, Tyler Neveling en Brandon Venter wat gekies is vir die Gauteng Noord span. Ons is baie trots op julle!

RADIKALE REDENAARS

Baie geluk aan Nadia Prinsloo wat aangewys is as Graad 7 Nasionale wenner vir Radikale Redenaars. Dit is ‘n besondere prestasie!

ATLETIEK

Atlete wat Donderdag by Waterkloof deelneem het reeds briewe ontvang saam met ‘n program. Hulle oefen Dinsdag 15 Oktober en Woensdag 16 Oktober soos volg:

O/9 en O/10:
14:15 – 14:50 Velditems
14:50 – 15:30 Naellope en hekkies

O/11 en O/12:
14:15 – 14:50 Naellope en hekkies
14:50 – 15:30 Velditems

KRIEKET

O/10 A verloor in kwart finaal teen Doringkloof
Beste kolwer- Frank van der Westhuizen
Beste Bouler- Jayden Schoeman
Beste veldwerker- Werno Fourie

O/11A wen vrienskaplik teen Monumentpark
Beste Kolwer - Rohan Louw en Monré Koekemoer
Beste Bouler- Nathan Oosthuizen
Beste veldwerker- Mark Gorman en Wian van Heerden

O/12A wen Kwart finaal teen Du Preez van Wyk
Beste Kolwer- Ulrich Breytenbach
Beste Bouler- Hendrew Schoeman

Beste veldwerker- Anthony Smit
Die O/12A's het Dinsdag in die Semi Finaal teen Midstream Ridge gespeel en ongelukkig verloor.
Die O/11A speel Donderdag tuis teen die wenner van Elarduspark en Bakenkop.
Baie geluk aan die spanne wat gewen het. Ons is trots op hulle.

GRAAD 7 KERKDIENS – 8 NOVEMBER
Begin 08:00. Ouers mag dit bywoon. Leerders moet geklee wees in formele skooldrag en skoene. Die skool begin gewone tyd, en al die Graad 7 leerders moet in hul voogklasse wees. Graad 7 leerders mag uitgeteken word by die Graad 7 personeel by die saal na afloop van die diens. Daar is toesig tot 14:00. Daar is veilige parkering by Riebeeckpark en langs Midas.

BELONING – VRYDAG 13:00
Op Vrydag 18 Oktober 2019 verdaag die Gr 1 - 7 leerders om 13:00. Die Graad 1 leerders help die week met ekstra opruiming.

EK HET KARAKTER (GRONDSLAGFASE)
Baie geluk aan die volgende leerders wie se waarde rytjies almal vol is. Hul dra 'n kenteken daarvoor met die woorde "Ek het karakter". **Lianie Potgieter, Alyssa Jones, Jenay Heyneke, Paul-Franco Botha, Amoré Breytenbach, Jonathan Harrison, Mieke van den Heever, Marcelle Swanepoel, Lienka van Niekerk, Elein Liebenberg, Leila van der Westuizen, Liné van Zyl, Isabella Coetzee, Hané Janse van Rensburg, Naluschna Botha, Thea-Lee van Kleeff, Sunet Bennemeer, Ascani Aiden, Paul-Franco Botha, Amoré Breytenbach, Avangeline Britz, Divan Deyzel, Chandri Du Plessis, Jonathan Harrison, James-Dean Klinghardt, Saul Oelofsen, Liam Scheepers, Naudé Scholtz, Luan Trollip, Angelique Field, Kayla Weber, Lenei Conradie, Zandri Smit , Dejan Kilian, Liam Vorster, Zanmari Kriel, Tiago Bezuidenhout, Liam Vorster, Danika du Plessis, Malisha Scholtz, Zené Swart, Morné van Staden, Michael Kritzinger, Mieke Olivier, Juan-Pierre van der Westhuizen.** Hierdie is 'n besondere prestasie. Baie geluk aan hulle en sterkte met die volgende waarde rytjies wat jy nou gaan volmaak. Sterkte ook aan al die leerders wat hard werk vir hul waarde-plakkers.

HERWINNING:
Stuur asb. elke Dinsdag u blikkies, papiere en tydskrifte en bottels na die skool vir ons "Liewe Aarde herwinningsprojek".

MIDDELAFSTANDE OEFENING
Daar is elke Maandag tot Vrydag gratis middelafstand oefening by **Hoërskool Pretoria-Noord** van 17:00 – 18:00. Skakel asb. die afrigter Wessel du Toit by 079 544 1398 vir meer inligting. Onthou dat daar elke Saterdag om 08:00 'n gratis "Parkrun" van 5 km by Hillside Gholfbaan is. Registreer by https://www.parkrun.co.za/register/ vir 'n "parkrun" en neem u hele gesin vir so 'n uitstappie op 'n Saterdag.

NASKOOL
Kontak vir Joeanne Tintinger by 081 562 9907 vir meer inligting.

LOSIE / LAPA UITVERHUUR
Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 000 per geleentheid, met 'n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by ontvangs@daniemalan.co.za of te skakel en met Annatjie Degenaar te praat.

Groete
Hettie Smith

Hettie Smith

Projekte | Projects

Blikkies | Tins

60 Blikkies | Tins = 1Kg
30 Blikkies | Tins = 0,5Kg

2L Plastiek bottels |
2L Plastic bottles

20x2L Bottels =1Kg
20x2L Bottles =1Kg

500ml Plastiek bottels |
500ml Plastic Bottels

38x500ml Bottels =1Kg
38x500ml Bottles =1Kg

Alle blikkies en bottels moet plat gemaak word voordat dit in gehandig word |
All tins and bottles must be flattened before handing them in

Die Omgewing:

Ons moedig die gemeenskap aan om te herwin.
Die gemeenskap / publiek kan by die skool herwinbare produkte aflos.

The Area:

We encourage the community to recycle.
The Community / Public will also be able to dispose of their recyclables at school

Wat kan deur die publiek herwin word ? | What can be recycled by the public ?

Plastiek sakke|
Plastic bags

Plastiek bottels |
Plastic bottles

Bokse |
Boxes

Papier |
Paper

Blikkies |
Tins

Alle herwinbare produkte moet self skoon en gesorteer wees.
All recycled products must be cleaned and sorted.


WIRELESS & FIBRE
INTERNET SERVICE PROVIDER
TEL: 010 132 9004
MAIL: INFO@JUMBOTECH.CO.ZA
JUMBO
TECHNOLOGIES